KUNSGESKIEDENIS HG NOVEMBER 2006

Die W.K.O.D. moet bedank word vir die kwaliteit van die vraestel met kleur afbeeldings wat kandidate gehelp het om meer betekenisvol met afbeeldings om te gaan.

Die meeste onderwysers kan geluk gewens word op die goeie werk die afgelope jaar gedoen. Meer kandidate het beter kontekstuele interpretasies gegee en daar was meer kandidate wat betekenisvol met die vrae en visuele bronne om gegaan het .

Die volgende moet aangespreek word om die vraestel suksesvol te beantwoord:

- Kunsgeskiedenis handel oor **kunswerke**. Sonder kunswerke sou daar nie so ‘n vak bestaan het nie! Dit is ontstellend dat na al die moeite gedoen om ‘n kleur vraestel te kry, nog te veel kandidate die visuele bronne steeds ignoreer en/of nie kan skryf oor bestudeerde en ongesiene werke nie. Onderwysers moet hul kandidate die **vaardigheid van visuele analise** leer:
    - ‘n kort beskrywing
    - analise (gebruik van media, kunselemente, ens.)
    - interpretasie (in verband met die konteks van die werk)
- In sommige sentrums verwys kandidate na baie min kunswerke. Kandidate moet ‘n verskeidenheid van kunswerke gebruik om bewegings/ die werk van individuele kunstenaars te verduidelik en te staaf. Dit beteken nie ‘n lys van kunswerke nie, maar om hierdie werke te gebruik om bewegings/kunstenaars te verduidelik.
- Leer kandidate om spesifiek te wees en veralgemenings te vermy. Hulle moet hulself afvra ‘hoekom’, ‘hoe’, ens., nadat hulle ‘n stelling gemaak het. Daar was te veel vae, veralgemene stellings en besprekings. Bv. ‘Andries Botha lewer kommentaar oor die politieke toestand in Suid-Afrika’, waar daar nie beantwoord word watter kwessies hy aangespreek het nie, en hoe hy dit in spesifieke werke deur sy gebruik van media, beelde, ens., tot uiting gebring het nie.
- Vrae is daar om beantwoord te word! Dikwels is die vraag geïgnoreer in ‘n algemene bespreking. Kandidate moet geleer word om ‘n spesifieke vraag te beantwoord en nie net ‘n opsomming van ‘n beweging/kunstenaar genoem in ‘n onder-afdeling te gee nie. Natuurlik moet hul hul kennis oor die beweging/kunstenaar gebruik, maar moet dit aanpas by die spesifieke vraag en gebruik maak van visuele bronne waar gevra.
- Daar was dikwels te veel oor die invloede op ‘n beweging of kunstenaar en nie genoeg oor kenmerke en spesifieke kunswerke nie.
- In Afdeling B was daar dikwels te veel onnodige biografiese inligting. Punte word net gegee waar die inligting gebruik is in verband met die kunstenaar se werk.
- Dit is onmoontlik om goeie punte te behaal met ‘n kort opstel van een of twee bladsye. Vier bladsye word aanbeveel om ‘n goeie antwoord te gee. Die baie lang opstelle neig om herhalend te raak en die baie lang antwoorde in een afdeling het dit moeilik gemaak vir die kandidaat om die volle vraestel te beantwoord.

- Dikwels was die inleiding slegs ‘n parafrase van die vraag en het die kandidaat kosbare minute verloor. Inleidings en slotte moet betekenis in die konteks van die vraag wees.
- Kandidate moet die betekenis van konsepte verstaan – te veel werke word inkorrek as abstrak beskryf.
- ‘n Goeie antwoord is ‘n balans tussen feite, begrip, interpretasie en insig waar kunswerke die hoofrol speel!